## KONTAKBESONDERHEDE

**Kerkkantoor**
**Erna Schuite**
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
**Leraar**
**Ds Franziska Andrag-Meyer**
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
**Koster**
**Elize Oosthuizen**
060 884 4756

## BANKBESONDERHEDE

**NGK Suidpunt**
**ABSA**
**Takkode: 334-412**
**Rek nr: 1780147276**
**Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer**

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (**LW NIE** jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
**QR kode op binneblad.**



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Elsabé | de Lange | 05/10 |
| Johann | Senekal | 05/10 |
| Kobus | Smith | 05/10 |
| Dawie | Theron | 05/10 |
| Pieter | van Wyk | 05/10 |
| William | Shepherd | 05/11 |
| Yolande | Kreder | 05/12 |
| Annalet | Malherbe | 05/12 |
| Koos | Krynauw | 05/13 |
| Alphia | Schutte | 05/14 |
| Leonie | van Rooyen | 05/14 |
| Ludwig | Conradie | 05/15 |
| Ettienne | Fourie | 05/15 |
| Anton | Schutze | 05/15 |
| Wilna | Burger | 05/16 |
| Deleen | vd Walt | 05/16 |
| Wentzel | van Renen | 05/16 |
| Jandré | White | 05/16 |

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

10 Mei 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
**Moedersdag**
09h00 L'Agulhas
10h00 Struisbaai
Spesiale kollekte:
Lidmaatbediening
Kategese
**Donderdag**
11h00 Kommunikasie
**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie
09h00 Alll Pay

**Sondag 17 Mei**
10h00 Struisbaai
Pinksterreeks
Kategese
Spesiale kollekte:
A Brink

Baie geluk aan ds. George Conradie en Almarié, wie se dogter, Eliné Conradie, vandag vir klein Amelie Delta laat doop. Wat 'n voorreg is dit nie vir 'n oupa om self sy kleinkind te doop nie!

## DANKIE

1. Jaco de Kock wat ons gemeente se webtuiste op datum hou.
2. Ds.Franziska wat so getrou die mense ontmoet wat 'n pelgrimstog tot by L'Agulhasvuurtoring voltooi.
3. Kobus Meyer se bekendstelling by wyse van skyfies van STRAATWERK en George Moorcroft wat die pakkies by Straatwerk besorg.
4. Die mooi terugvoer wat Suidpuntkoor kry vir hulle optredes.
5. Max Michau wat die skyfies en video's so gemaklik deel gemaak het van die diens laas Sondag.
6. Ds. Peet Crous se boomprojek en sy vrou, Karin, wat dit op video vaslê en met ons deel.

**Teksvers:** Spreuke 1: 8 & 9
My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie: dit sal jou lewe versier soos 'n krans op jou kop en 'n kettinkie om jou hals.

## Ons bid vir...

1. Al ons moeders, ook dié wat 'n moederrol speel, vir wysheid en liefde.
2. Die doopouers en hulle kindjie wat vandag gedoop word.
3. Alle lidmate, oues, nuwes, gesondes, verswaktes en siekes, dat hulle genoegsaam bedien sal word in ons gemeente en geliefd en aanvaar sal voel.
4. Die voorbereidings vir Hemelvaart en Pinkster, dat u seën daarop sal rus.
5. Volgehoue geloof en groei.

## Vir ons kinders

**HEMELVAART**

Ryk Neethling het as swemmer in 2004 by die Olimpiese Somerspele in Athene as lid van 'n Suid-Afrikaanse 4 x 100m vryslagaflosspan 'n goue medalje ontvang by die Olimpiese Spele. Hierdie oorwinning het nie net vir hom, vir een mens, of vir hulle span, baie beteken nie, maar vir die hele Suid-Afrika. Dit was 'n groot oorwinning. Een vir die hele land! Suid-Afrika het daardie medalje ingepalm.
'n MEDALJE kan ons ook aan Jesus se HEMELVAART herinner, want sy hemelvaart beteken dat Hy die dood en die sondige wêreld oorwin het. Omdat ons, as God se kinders, glo in sy oorwinning, deel ons ook in hierdie oorwinning. Hemelvaart beteken vir ons:
JESUS HET OORWIN!

## Doen & Deel

**Spesiale Offer: Lidmaatbediening.**
Lidmaatbediening herstel die Bybelse beginsel dat elke gelowige 'n priester is wat geroep is om te dien, wat 'n positiewe impak op die kerk en die wêreld maak.

**Wat gebeur by ons gemeente op die terrein van Lidmaat-en Gasvryheidbediening?**

1. Die UITSIGBLOKKE het op Sondag, 25 Januarie, direk na afloop van die Nagmaalsdiens in Struisbaai 'n tee vir nuwe intrekkers aangebied.
2. Suidpuntkoor het op 23 Januarie 'n sosiale byeenkoms vir koorlede en hulle gades by die Jukskeiklub gehou.
3. Die L'Agulhasblokke het op Vrydag, 6 Maart, eers reggestaan vir die Wêreldbiddag vir mans en daarna vir die Wêreldbiddag vir Vroue.
4. Op Saterdag, 8 Maart, is 'n HIGH TEA gereël. Heelwat gemeentevroue is betrek.
5. 'n Informele sosiale kuier vir gemeentevroue is gereël op Maandag 23 Maart.
6. Suidpuntkoor sing op PAASSONDAG, die 5de April.
7. 18 April - Suidpuntkoor sing op Robertson by Huis le Roux en JE Park.
8. Die hele gemeente word genooi om die uitstappie na SPOOKDRAAI ter besigtiging van die Nautilus Skulpkonstruksie in die klofie mee te maak op Saterdag 25 April.
9. Sondag 26 April - Uitsigblokke reël 'n tweede tee vir nuwe intrekkers.
10. Vrydag 1 Mei - Suidpuntkoor besoek NAPIER se Huis Klippedrift en die Napier Retirement Village en hou vir hulle 'n konsert.
11. Spesiale moeite word gedoen met geskenkies vir dopelinge.
12. Die dekorgroep sorg vir blomme op Nagmaalsondae en help op versoek.

Verder lê die sop en broodjies nog voor met PINKSTER wat gereël word deur die Alfa- en Proteablok; iets vir 'n Mannebyeenkoms; die 80 - Plussers-tee; ons gemeente se VERJAAR-DAGVIERING en 'n lekker KARAOKE.